

# Thomas Stephanus Johannes Freysen

## 23 Jan.1892 – 1 Jul 1982


## {B4C4D5}

My pa, Tom, is op 23 Januarie 1892 op die plaas Bloedrivier[1] in die Laingsburg distrik gebore. Sy pa, Thomas Stephanus Johannes Freysen {B4C4} en sy ma, Maria Catharina Georgina Thorpe is op 2 Mei 1881 in Prins Albert getroud.



*Figuur 1: TSJ Freysen {B4C4} en MCG Thorpe (My oupa en ouma)*

Die egpaar het ses kinders gehad: Carel Johannes (1882), Catharina Jacoba (1884), Anna Maria Wilhelmina (1886), Maria Georgina Catharina "Miem", Thomas Stephanus Johannes "Tom" en Jacobus Abraham Johannes "Jim".



DOOP CEDEL.

NEDERDUITSCHE GEREFORMEERDE KERK IN ZUID AFRIKA

H. d. L.

De ondergeteekende, Oud Ouderling bij de Nederd. Geref. Gemeente te Prins Albert certificeert bij deze dat het Bondzegel des Heiligen Doops, blijkens aanteekening in het Doop Register der Gemeente, is toegediend op den 17de April 1892, aan het kind Thomas Stephanus Johannes Freysen geboren den 23ste January 1892

Vader: Thomas Stephanus Johannes Freysen

Moeder: Maria Georgina Catharina Thorpe

Getuigen: Gerhardus Francois Beukes; Aletta Magd. Jacoba le Roes; Hendrik Johannes Neemand; Christina Francina Freysen

Gegeven te Prince Albert

op heden den 5de Augustus 1915

L. J. M. de Bruyn, V.D.M. Oud Ouderling

*Figuur 2: My pa se doopseël*

Tom is op 17 April 1892 te Prins Albert gedoop en het op die geboorteplaas, Bloedrivier, grootgeword. Tydens die Anglo-Boereoorlog (11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902) was hy 'n seuntjie van sowat 8-10 jaar oud. Met dié dat die treinspoor deur die plaas geloop het, het die Engelse troepe volgens hom, tot by Antjieskraalstasie met die trein gery, daar afgeklim, en op die plaas kamp opgeslaan. Hulle het blykbaar vir Kmdt. Gideon Scheepers in die omgewing gesoek. Volgens my pa, is hy en sy ouboet, Carel, by geleentheid na die driffie geneem en gedreig dat hulle doodgeskiet sal word, as hulle nie vertel waar Scheepers is nie. Kmdt. Scheepers is op 12 Oktober 1901 op Koppieskraal, 'n naburige plaas gevange geneem,

[1] Die rivier se water was blykbaar rooikleurig vanweë groot neerslae ysterpiriet in sy loop – vandaar die naam Bloedrivier.

waar hy ernstig siek gelê het. Nadat hy mediese behandeling ontvang het, is hy in Desember na Graaf-Reinet geneem waar hy deur 'n Britse militêre hof skuldig bevind is. Op 18 Januarie 1902 sterf hy op 23-jarige ouderdom voor 'n vuurpeloton en word sy liggaam in 'n ongemerkte graf begrawe[2].

Nadat die Britse troepe vertrek het, het my pa-hulle ammunisie op die kampterrein opgetel en vir lekkergoed verruil.

Op die plaas was 'n witgepleisterde plaasskooltjie waar al die kinders skoolgegaan het. Vir hoërskool, het hulle Laingsburg toe gegaan. Alhoewel my pa linkshandig was, moes hy in die skool regs leer skryf. In die "Kolonie", soos wat die Kaapprovisie destyds genoem is, mag die kinders ook nie Afrikaans gepraat het nie – dié wat dit wel gewaag het, moes met 'n karton om die nek in die hoekie gaan sit.

Hy het sy onderwyserseksamen in Desember 1910 daar afgelê. "Daardie dae was daar nog nie so iets soos onderwysdiplomas soos vandag nie. Daar in die Kaap was dit eintlik maar net Wellington wat toe 'n inrigting gehad het vir die opleiding van onderwysers. Die meeste van ons was maar 'student teachers' (wat) ons eksamens sommer by die skool afgelê het"[3].



*Figuur 3: Student Teachers*

Blykbaar was my pa 'n kranige rugbyspeler. Daardie dae het hy nog vir die dorp se eerste rugbyspan gespeel. Volgens die artikel, "...was (dit) maar gewoonlik 'n lang en swaar trap met die fiets teen daardie bulte uit om by die wedstryde uit te kom." Hy vertel dat hy een aand die fiets se pedaal skoon afgetrap het. "Ek moes die nag toe maar in 'n winkel slaap".

Volgens die artikel het sy onderwysloopbaan in die Laingsburgdistrik met 'n tydelike aanstelling by 'n tweemanskooltjie begin. Sy laaste onderwyspos was weer 'n tydelike aanstelling by Brixton Primary School in Johannesburg. Op 79 jarige ouderdom was hy "die man met die langste onderwysloopbaan in die Transvaal".



*Figuur 4: Brixton Primary School – 1971*
*(Pa Tom sittend voor heel regs)*

Wat die lesers nie geweet het nie, was dat hierdie merkwaardige man Sondagmiddae die bus van Ventersdorp na Johannesburg moes haal. Met sy tassie van die bushalte na die losieshuis moes stap. Die hele week lank skool hou en dan weer Vrydagmiddag die bus Ventersdorp toe haal. Aanvanklik moes hy van die stasie af huistoe stap – seker die beste deel

[2] Bron: http://samilitaryhistory.org/jnl2/vol185gs.html

[3] 'n Artikel in die Vaderland, gedateer Maandag 26 April 1971. My pa was op 79 jarige ouderdom die oudste diensdoenende onderwyser in Transvaal.

van drie kilometer – totdat ek een aand hom met die motor gaan haal het. Die volgende Vrydag het die bus, wat op pad Lichtenburg toe was, hom feitlik voor die voordeur afgelaai en Sondag laatmiddag weer daar kom oplaai.

Die artikel sluit soos volg af: "So lank as wat ek nog so sterk is as wat ek nou voel, sal ek aanhou werk. Dis wanneer 'n mens sit en niks doen nie, dat jy sommer oud word. As Churchill nog sulke werk kon doen toe hy tagtig was, hoekom nie ek nie!"

Op 35 jarige ouderdom trou hy op 20 Desember 1927 met Olive Susan Boezaart.



*Figuur 5: Tom en Olive se troufoto*

Die jonggetroudes het blykbaar by my oupa Tom-hulle gaan kuier. In dié tyd het oupa met sy skape na beter weiveld getrek en pa het hom gaan help. Op die aand van 20 Oktober 1928 het oupa Tom 'n hartaanval gekry. My pa het by die plaas gaan hulp soek, maar by hul terugkeer is oupa oorlede en is hy op Tweefontein begrawe. Hy is later op Bloedrivier herbegrawe. Ouma Maria is 11 jaar later op 18 November 1939 op Bloedrivier oorlede en by haar man in die familie se begraafplaas begrawe.

Uit hul huwelik is Thomas Stephanus Johannes "Klein Tom" op 10 Junie 1929 op Bronkhorstspruit gebore.

Op 'n stadium het die gesin Louis Trichardt toe getrek, waar my pa 'n plaas gekoop het. Klein Tom is na matriek Stellenbosch toe om in die regte verder te studeer. Teen die einde van sy studies het my pa en sy ma se huwelik op 4 Augustus 1948 verbrokkel en is hulle op 1 Desember 1950 geskei.

My ma, Margaretha Anna Johanna Wilhelmina "Rose" Bernardü, was 'n naaldwerkster in George. Op 'n stadium het sy my ouma vir 'n kankergewassie na iemand in Kroonstad geneem. Daar het sy en my pa mekaar ontmoet. Hulle is op 25 April 1953 in Mosselbaai getroud. Na hul troue het hulle George Fruitshop in Hiberniastraat 57, begin. Die woonhuis was agter aan die winkel gebou en ouma Malie het by ons ingewoon. Blykbaar was my pa se bereidwilligheid om sy skoonma in te neem en te versorg, deurslaggewend vir my ma se besluit om "ja" te sê.



*Figuur 6: Tom en Rose se troufoto*

Ek is op 21 Maart 1954 gebore toe my ma bykans 40 en my pa 63 jaar oud was.



*Figuur 7: My babafoto*

Ten spyte van hierdie groot ouderdomsverskil, het hulle 'n wonderlike verhouding gehad. Daar was 'n wonderlike liefdesband en wedersydse respek tussen hulle. As ek aan my kleintyd terugdink, was van my wonderlikste herinneringe die slaaptydstories wat hy vir my gelees het terwyl ek tussen die twee van hulle lê. Ek het hulle nooit hoor baklei nie. Alhoewel daar blykbaar één geleentheid was wat sy vir hom baie kwaad was. Ek het, na hoeveel waarskuwings, een aand weer laat gekom vir aandete. Toe slaan pa glo 'n tamatiekasplankie stukkend op my boude... Hy kon verskriklik lekker lag, en as sy magie so skud, kon mens nie anders as om saam te lag nie!

Aan die einde van my standerd 5 jaar aan die Manie le Roux laerskool vir seuns op George, trek ons Ventersdorp toe. Waarskynlik om nader aan my half-broer, Klein Tom, te wees sou pa iets sou oorkom. Klein Tom was op daardie stadium 'n prokureur in Carletonville.



*Figuur 8: Klein Tom {B4C4D5E1} en sy vrou Max*

Op Ventersdorp het ons 'n groot burgererf gehad met 'n leivoor wat voor die erf verbygevloei het. Dit was ideaal vir my pa se boerehart. Hy het na hartelus tuingemaak, want hy kon dit natlei.

Dit was in my matriekjaar dat hy die tydelike onderwyspos by Brixton Primary School aanvaar het, waarvan ek aan die begin melding gemaak het. Dit was waarskynlik om sy karige pensioen aan te vul. Hoewel beide my pa en ma slegs ouderdomspensioen gekry het, was daar altyd kos op die tafel waarvoor hy gedank het met: "Segen Vader voor wat wij eten, laat ons nooit U Naam vergeten, Amen". En na die ete: "Voor spys en drank zeg ons U'we dank, ons loof U'we Naam o Heer, Amen."

My pa was 'n diep gelowige man. In sy Bybel was daar baie versies onderstreep en inskrywings gemaak in sy netjiese klein en bewerige handskrif. Ek het hom nooit voor die bed sien kniel nie, hy het sommer so in die bed lê en stiltetyd hou. En Sondae het hy nie meer kerk toe gegaan nie, maar sommer in die bed lê en luister na die diens oor die 'draadloos'. Vanweë sy lewenswyse, het ek nooit 'n probleem met God as Vaderfiguur gehad nie. Hy was 'n man van integriteit wat sy woord gestand gedoen het en met groot wysheid, raad vir mense kon gee. 'Oom Tom' was deur die familie en gemeenskap gerespekteer.

Hy was besonder netjies op homself en het nooit êrens heen gegaan sonder sy baadjie, das en hoed nie. Sy lens-oorplanting het hy gehad terwyl ons nog in George gebly het, m.a.w. in die sestiger jare. Derhalwe



Figuur 9: Pa Tom op 79 jr. as onderwyser by Brixton Primary School

moes hy 'n bril met baie dik lense dra, wat sy oë amper 'n uilagtige voorkoms gegee het.

Hy het baie gelees en was goed ingelig. Hy het gereeld na die nuus oor die radio geluister en Sondae die Rapport van hoek tot kant deurgelees. Deur die week het hy die blokkiesraaisel voltooi met die hoop om die groot prys los te slaan – dit het egter nooit gebeur nie.

Wat my altyd beïndruk het, was sy hoofrekene – hy kon die leerlinge se punte optel, deur met sy artritis-kromgetrekte vingers, in die kolomme af te beweeg en wanneer hy onder kom, die antwoord in te skryf. En dit was altyd reg!

Nadat my ouers en Cornie se ouers mekaar die eerste keer ontmoet het, het my pa sy goedkeuring aan die verhouding verleen, met: "Hulle is van ons mense my seun". Albei my ouers was van die begin af baie lief vir Cornie. Daar was egter 'n besonderse band tussen my pa en haar.



Figuur 10: Ek en Cornie op ons troue

Toe Annemarié so twee-en-'n-half jaar oud was, het ek 'n pos by die destydse Windhoekse Onderwyskollege aanvaar. Aangesien beide Cornie en ek enigste kinders was, was dit nie 'n maklike skuif om te maak nie.

Aan die begin van Junie 1982 het my pa en ma met die trein Windhoek toe gekom om by ons te kom kuier. Ons het hulle toe bietjie Swakopmund en omgewing gaan wys. Met hulle terugkeer Republiek toe, het hulle by my niggie, Rosemarie, op Potchefstroom gaan kuier. My pa het haar gevra om hom biblioteek toe te neem, sodat hy kon gaan oplees oor Kmdt. Gideon Scheepers. Vanweë die koue het hy griep gekry, wat in longontsteking oorgegaan het, en is hy daar in Potchefstroom gehospitaliseer. Op 1 Julie 1982 het Cornie (wat 8mde swanger was met Stephan), Annemarie en ek teruggevlieg. My skoonpa het ons by die lughawe kom haal en ons is direk hospitaal toe geneem om van hom te gaan afskeid neem.

Hy is op Dinsdag, 6 Julie 1982 om 11:00 vanuit die NG Moedergemeente op Ventersdorp begrawe.

Jan FE Cilliers se gedig oor ***Generaal de Wet*** is vir my so 'n toepaslike beskrywing van my pa:

*Stil, broers,*
*daar gaan 'n man verby,*
*hy groet,*
*en dis verlaas.*
*Daar's nog maar één soos hy;*
*Bekyk hom goed...*

*Al is die oog verswak,*
*hy kyk nog fier omhoog*
*In jou*
*soos in God se oog.*
*Al stap hy kromgeknak*
*en afdraans af,*
*al klop die hart al flou:*
*soos altyd is nog nou*
*elke stap en hartslag trou*
*tot in sy graf...*

Johan Bach Freysen {B4C4D5E2}
2021-12-19